
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, November 30, 2018
Page: 34





# Huweliksvorme en jou boedel

**Trou is nie perdekoop nie, maar ook nie die uiteensetting van jou boedelplan nie. Vergewis jou betyds van hoe jou gekose huweliksvorm jou boedelbeplanning gaan raak en wat alles gereël moet word**

Vandeesweek kyk ek na 'n faktor wat soms vergeet word en wat bepalend kan wees in die uitvoerbaarheid van jou boedelplan, naamlik jou huweliksvorm.

'n Goeie boedelplan kyk na die totale finansiële situasie rakende jou en jou boedel – terwyl jy lewe én ná die dood. Ek glo 'n mens moet daarna kyk vanuit die oogpunt van finansiële risiko. Jy weet wat jy wil doen. Jou boedelplan sal vir jou wys of jy kan. Om dit te bepaal, moet jy weet wat die risiko's is. Kom ons kyk na die verskillende huweliksvorme.

## BUITE GEMEENSKAP

In 'n huwelik buite gemeenskap van goedere en sonder aanwas het elke party sy of haar eie boedel en kan na goeddunke daarmee handel. Wat joune is, is joune, en wat myne is, is myne.

Dit is egter nie heeltemal so eenvoudig nie, want julle is steeds deels verantwoordelik vir gesamentlike huishoudelike benodigdhede en mede-aanspreeklik vir enige skuld in dié verband.

Ná dood het die oorlewende, as omstandighede daartoe lei, 'n eis ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) teen die boedel van die oorledene (dit geld alle huwelike). Kortom, jou boedelplan moet insluit die versorging van 'n langslewende gade, veral wanneer jy die een is met die groot boedel en die ander party min of niks het.

In huwelike met aanwas gaan dit verder, want by dood (of egskeiding) het die party wie se boedel tydens die huwelik die minste gegroei het, outomaties 'n eis teen die party wie se boedel die meeste gegroei het. Dit is om die helfte van die verskil in die groei van die boedels.

Beplanning vir die aanwaseis kan 'n yslike probleem wees, want dit kan beteken dat bates (byvoorbeeld 'n plaas) wat dalk bedoel was om na 'n kind toe te gaan, nou gebruik moet word om die aanwaseis te dek. Om 'n lewenspolis te koop, skep sy eie probleme vanweë die manier waarop daar met polisse in boedels omgegaan word.

Jy het beslis kundige hulp nodig as jy seker wil wees dat jou boedel sonder haakplekke afgehandel kan word.

## BINNE GEMEENSKAP

In huwelike binne gemeenskap van goedere is dinge soms 'n bietjie makliker, maar soms ook moeiliker. Dit is omdat julle albei alle gemeenskaplike bates om die helfte besit. Dit is egter 'n onverdeelde halwe aandeel. Anders gestel, jy besit die helfte van alles, maar jy weet nie watter helfte nie. Of soos my vrou my telkens herinner: "Wat myne is, is myne, en wat joune is, is ook myne."

Elkeen kan dus sy of haar halwe aandeel in die gemeenskaplike boedel bemaak soos hy of sy wil. Die ander party hoef nie toestemming te gee nie. Die gemeenskaplikheid van goedere geld egter nie alle bates nie, want jy kan binne gemeenskap van goedere trou met 'n huwelikskontrak waarin sekere bates vóór die huwelik uitgesluit word van die gemeenskaplikheid van goedere. Alles wat tydens die huwelik verkry word, word egter in die gemeenskaplike boedel ingesluit.

'n Uitsondering van die algemene reël is ook waar een party bates geërf het onderworpe daaraan dat dit uitgesluit sal wees van die regsgevolge van 'n huwelik. Daardie bate val dan nie in die gemeenskaplike boedel nie. Die opbrengs daarop kan wel ingesluit wees as dit nie spesifiek uitgesluit is nie. Dit kan egter blootgestel wees aan beslaglegging by skuldverpligtinge, want, soos hierbo genoem, is albei partye ewe veel verantwoordelik vir mekaar se skuld.

Die opbrengs op beleggings en inkomste uit die verhuring van eiendom val in die algemeen ook in gelyke dele in die gemeenskaplike boedel, en elkeen word op sy of haar helfte belas. Albei partye geniet darem die jaarlikse kwytskeldings op beleggingsinkomste, byvoorbeeld op rente en kapitaalwins.

'n Omvattende boedelplan, opgestel deur kundiges, is die enigste manier waarop jy seker kan wees, pleks van om jou finansiële situasie, nou en ná die dood, te raai. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is lid van Fisa en bestuurende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**; tel. **021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.